*Historia*, 50, 2, November 2005, pp 211 236.

# Die "Stem van Potchefstroom"– 'n Terugskouing oor die Beeld van die PUK as Universiteit in die Suid-Afrikaanse Samelewing, 1951-2003

***Elize S. van Eeden****

## Inleiding

Met selfstandigwording in 1951 na twee-en-tagtig jaar waarin dit aanvanklik as teologiese skool 'n beskeie begin gemaak het was die PUK[1] akademies, in denke en in voorkoms aansienlik anders as die beeld van dié kampus in 2004. Getalgroeiende leerkragte en leerders, tesame met 'n dinamies veranderende infrastruktuur, het die PUK geheel anders daaruit laat sien as 135 jaar tevore. In vele opsigte was hierdie andersheid die ontluiking van die PUK in 'n akademiese besigheid wat besondere opgang gemaak het en blywende ingang gevind het op 'n verskeidenheid van lewensterreine.

Verdere institusionele veranderinge is ook bevestig met die smee van nouer tersiêre bande op provinsiale vlak in 2003. Daar is vanaf 2004 met die implementering daarvan onder 'n nuwe vaandel, naamlik die "Noordwes-Universiteit (NWU)" begin, met die "ou" PU vir CHO[2] van toe af net bekend as die PUK-kampus. Laasgenoemde is die grootste van die drie kampusse van die NWU. Hierdie omvattende geskiedenis van een van die prominente tersiêre opleidingsinstansies in Suid-Afrika verg egter 'n bespreking op sy eie. Die bedoeling van hierdie artikel is eerder om te besin oor die realiteit, al dan nie, van die sogenaamde jarelange "stem van Potchefstroom". Hierdie verwysing na die "stem" is hoofsaaklik 'n refleksie op persone, gebeure en aktiwiteite wat, onder die

---

* Elize van Eeden is verbonde aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes Universiteit as buitengewone medeprofessor. Sy is redakteur van die PUK geskiedenis, getiteld: *'In U Lig' Die PU vir CHO, van selfstandigwording tot samesmelting, 1951 2004.*

1. Die PUK, vroeër bekend as die Potchefstroomse Universiteitskollege, het na 1951 bekend gestaan as die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). Die woord PUK verwys sedert Januarie 2004 binne die groter provinsiale tersiêre bedeling van die Noordwes Universiteit (NWU) spesifiek na die Potchefstroomse Universiteitskampus.
2. Die CHO kan ook as 'n stem van die PUK beskou word. As gevolg van die omvattendheid van hierdie spesifieke bespreking, is dit nie vir hierdie artikel oorweeg nie, maar wel as afsonderlike tema vir toekomstige bespreking.

PUK-vaandel, aan die wêreld uitgedra is, en in vele opsigte verreikende en/of klemverskuiwende idees binne ’n groter gemeenskap tot gevolg gehad het. As gevolg hiervan, is geglo dat die PUK ’n redelike invloed uitgeoefen het op onder meer die politieke gebeure en denkskuiwe van die dag. Of dié stelling vanuit die PUK-geskiedenis hoegenaamd water dra, word vervolgens vanuit die geskiedenis van die PUK bespreek.

## Die PUK-stem, 1951-1984

Dit is waarskynlik ’n gegewe dat alle tersiêre opvoedkundige instansies, nasionaal en internasionaal, in ’n mindere tot meerdere mate as ’n stem in die samelewing probeer funksioneer om sodoende uitdrukking te probeer gee aan wat hulle beskou as ’n noodsaaklikheid tot die verbetering van die *status quo*. Hierdie vrymoedigheid tot die oordra of deurgee van opinies is ook onder meer gevestig in die taakspesifieke rol van tersiêre opvoedkundiges, die moontlike ontvanklikheid van die owerheid en die gemeenskap, sowel as die ideologiese sentimente van ’n tersiêre instansie waarmee byvoorbeeld die owerheid van die dag dalk meer wil assosieer as dié van ’n ander. In Suid-Afrika is dikwels in die verlede verwys na die “stem van Potchefstroom”. Hierdie “stem” het hoofsaaklik verwys na die Universiteit of individue as werknemers van die Universiteit se optredes en/of uitsprake na buite, wat dikwels as omstrede vir die tyd geag is. Andersins is hierdie uitsprake soms as uiters ondeurdag vir die tyd getipeer. Vervolgens etlike voorbeelde uit die omvattende geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit om die PUK-stem te identifiseer wat oor tyd bygedra het tot die volg van ’n bepaalde denkrigting en proses.

Potchefstroomse akademici soos professore J.C. van Rooy (rektor tydens die PUK-selfstandigwording in 1951, asook leier van die Afrikaner Broederbond in die dertiger en veertigerjare van die twintigste eeu)[3] en L.J. du Plessis het ’n belangrike rol gespeel in die Suid-Afrikaanse politieke lewe vanaf die twintigerjare en later in die jare rondom die Tweede Wêreldoorlog. Dit terwyl sommige personeellede sterk ondersteuners van die Nasionale Party was, en ander die Ossewa-Brandwag (OB) ondersteun het.[4] So was professor D.J. van Rooy, dosent

3. I. Wilkins and H. Strydom, *The Super Afrikaners* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1980), p 48.
4. Vergelyk P. de Klerk, “Politieke koersaanduiding in *Koers*, 1933 1961”, *Koers*, 62, 1 April 1997, pp 62 64; P. de Klerk, “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, 3, Junie 1989, p 51.

in Wiskunde aan die PUK, die Voorsitter van die Grootraad van die OB en leier van hierdie beweging van 1947 tot met die ontbinding daarvan in 1954. Die Nasionale Party (NP), wat met die verkiesing van 1948 aan bewind gekom het, het dus in die vyftigerjare nog nie algemene steun van die PUK-personeel geniet nie. Teen die begin van die sestigerjare was die NP gevestig as die politieke beliggaming van Afrikanernasionalisme. Akademici aan die PUK wat hulle oor die heersende politiek van daardie tyd uitgelaat het, het toe feitlik deurgaans die breëre NP-beleid gesteun. Dit blyk veral uit die tydskrifte *Koers* en *Woord en Daad*, wat nie-amptelike spreekbuise van die Universiteit was, en waarvan die kernredaksies hoofsaaklik personeellede aan die PUK was.[5]

Vroeg in die sestigerjare het professor W.N. Coetzee die volgende oor die sogenaamde "stem van Potchefstroom" in die algemeen opgemerk:

> Hoewel Potchefstroom geen uitsaaistasie huisves nie, word daar dikwels in die gewone omgang van die stem van Potchefstroom gepraat. Ten beste word daarmee bedoel die besondere sterk leiding, veral prinsipieel, wat vanuit hierdie plek oor velerlei aangeleenthede [aan] die Afrikanervolk aangebied word. Maar die stem van Potchefstroom is kollektief en as sodanig moet dit soms gespesifiseer word …[6]

Hierdie sterk prinsipiële leiding oor "velerlei aangeleenthede" aan die "Afrikanervolk" binne 'n "kollektiewe" verband waarna professor Coetzee verwys het, is daardie "stem" wat op etlike terreine en podiums 'n betekenisvolle invloed op die onderwys en die siening van menswaardigheid in Suid-Afrika gehad het. Dit was inderdaad die stem waarmee daar by geleentheid versoek is dat die prinsipiële besinning meer as net die Afrikanervolk moet insluit. Trouens, dit is selfs vereis, maar die uitkoms daarvan het dikwels onbevredigende resultate gehad en letsels op die geskiedenis van 'n bepaalde tyd gelaat. Die klank van die stem van Potchefstroom is veral versterk vanuit drie bronne, te wete die gereformeerd-teologiese begronding, die volkseie en die politiek.

5. P. de Klerk, "Politieke koersaanduiding in *Koers*, 1933 1961", *Koers*, 62, 1, April 1997, pp 45 47; P. de Klerk, "Die tydskrif *Woord en Daad* en die apartheidsbeleid, 1954 1966", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 25, 1, Junie 2000, p 73.
6. Oorgeneem uit W.P. Robbertse, "D.J. van Rooy 'n waardering", *Die Besembos*, 1961, pp 24 25; W.N. Coetzee, "Die sport manifes van 'n Christelike student", *Die Besembos*, 1964, pp 105 107.

## ’n Stem gebou op ’n gereformeerd-teologiese begronding

### *Christelik-Nasionale Onderwys*

Die ideaal van Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) is na 1951 vir ’n tyd lank in die onderwysvisie van die PUK meegedra, sodat meningsvormers binne ander geloofsoortuigings hulle persepsies oor CNO steeds sonder meer aan die PUK gekoppel het   selfs nog teen 2004. Negatiewe persepsies wat oor CNO gevorm is, het noodwendig die algemene beeld van die PUK skade berokken.[7]

Word daar teruggekyk na wat prominente PUK-akademici se standpunt oor CNO was, is dit noodwendig dat daar nog steeds begrip is vir hierdie jarelange persepsie van wat die PUK-stem impliseer. H.G. Stoker, die filosoof wat veral hoog gewaardeer is vir sy publikasies oor die rol van ’n Christelike universiteit, was byvoorbeeld minder krities teenoor die inherent onregverdige apartheidsisteem. In sy geskrifte het hy by voorkeur verwys na “ons Afrikaanse Volksuniversiteit”.[8]

’n Prominente leier-akademikus soos professor J.C. Coetzee het by geleentheid, vroeg in die sestigerjare toe die verbondenheid van die Teologiese Skool met die idee van CNO ter sprake gekom het, dit soos volg gestel:

> Die Teologiese Skool van ons kerk is die brandpunt van alle Christelike Onderwys in ons land ... ’n Teologiese Skool van die Afrikaanse Gereformeerde Kerk kan nooit na iets anders strewe as na ’n suiwer Afrikaanse (nasionale) gereformeerde onderwys nie ... Die hele geskiedenis van die Afrikaanse skoolstryd getuig dan ook van die innige verband.[9]

Anders as die meerderheid tersiêre instansies regoor die wêreld en baie bepaald in Suid-Afrika, wou die Universiteit wat eventueel in Potchefstroom beslag gekry het, nie net ’n inrigting wees wat die Afrikaanssprekende deel van die bevolking onderrig en oplei vir die lewe

---

7. Vergelyk T.R.H. Davenport, *South Africa   A modern history* (Macmillan, Hong Kong, 1991), p 536.
8. Vergelyk M.E. Botha, “Christelike universiteit en politiek in ’n apartheids en post apartheidsbedeling”, *Koers*, 60, 2, 1995, pp 124 125, 133; A.A. Beijk en N.T. van der Merwe, “H.G. Stoker as student   die wysgerige denkklimaat en akademiese wisselwerking met Scheler en Buytendijk”, *Koers*, 59, 3 & 4, 1994, p 50.
9. G.C.P. van der Vyver (red.), *My erfenis is vir my mooi* (Potchefstroom Herald, Potchefstroom, 1969), p 274.

nie. Dit wou ook 'n universiteit wees met 'n bepaalde karakter 'n instelling met waardes wat gewortel is in die besef dat die religieuse dimensie van die menslike bestaan grondliggend is.

Vanuit hierdie besef is ook die Calvinistiese perspektief vanuit 'n gereformeerd-teologiese begronding op alle aspekte van die mens se bestaan beklemtoon. Dit aan die een kant. Aan die ander kant was die agtergrond, herkoms en lewensuitkyk van baie van die PUK se dosente en studente ingebed in 'n denkpatroon wat verantwoordelike besinning oor elke lewensterrein vereis het.[10] Daarom was die stem van Potchefstroom wat vanuit die wandelgange, lesinglokale, laboratoriums, seminaarkamers en raadsale van die Universiteit opgeklink het, 'n stem wat 'n verskeidenheid in toonaard verteenwoordig het. Die appèl wat die boodskap van hierdie stem gemaak het, het vereis dat die uitleef en toepassing van 'n Christelik-verankerde lewensiening waargeneem moes kon word in die Universiteit se aanbieding van leerstof, die aard van sy navorsing en sy invloed op die samelewing.[11]

### *Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB)*

Die ACB, wat in die vroeë vyftigerjare gestig is met professor H.J.J. (Hennie) Bingle as Voorsitter, het gepoog om die Calvinistiese stempel op die gemeenskap af te druk en in hierdie proses is kragte met die PU vir CHO saamgesnoer. Só ook is die Calvinistiese Stigting (enkele jare later bekend as die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme of IBC) in die lewe geroep.[12] Professor Bingle was instrumenteel in die inisiëring van hierdie beweging. Die totstandkoming van die Calvinistiese Stigting het kort hierna uitgeloop op die hou van 'n wêreldkongres 'n gebeurtenis wat op sy beurt aanleiding gegee het tot

---

10. Vergelyk voorbeelde van persoonlikhede uit G.C.P. van der Vyver (red.), *My erfenis is vir my mooi*, p 274.
11. Vergelyk G.C.P. van der Vyver (red.), *My erfenis is vir my mooi*, p 100, 131; L.J. du Plessis, "Jubileum Vrije Universiteit Amsterdam", *Koers*, 6, 21, Junie 1954, pp 262 265; J.C. Coetzee, "Prof. dr. J.D. du Toit en ons Christelike Hoër Onderwys", *Die Veteraan*, 18, 1953, pp 3 6.
12. Anoniem, "P.U. wil volksdiens lewer", *Die Veteraan*, 32, 3 & 4, September & November 1967, pp 50 52. Volgens professor B.J. van der Walt was die Instituut vir Reformatoriese Studies, wat in 1992 sy dertigste bestaansjaar gedenk het, se doelwit die skakeling met Afrika se Christelike universiteite en die opleiding van swart studente. Kyk PUK Argief, Jaarverslag van die Rektor aan die Raad, April 1993, p 45.

die stigting van die International Association for the Promotion of Christian Higher Education, oftewel die IAPCHE.[13]

Deur veral die mondstuk *Woord en Daad*, wat deur PU vir CHO-akademici geïnisieer is en as selfstandige mondstuk van die ACB (later deel van REBSA) gefunksioneer het, moes die ACB die Calvinistiese denke van die PUK uitdra.[14] Vir vroue was daar die Calvinistiese Vrouebeweging. Dit het by geleentheid saamtrekke in Potchefstroom georganiseer waaraan vroue van die Universiteitsraadslede en van regeringsleiers meegedoen het.[15]

## Die politiek en die volkseie in 'n Christelik-verankerde lewensiening

Die heersende politieke denke het dikwels die reeds-vermelde perspektief van 'n Christelik-verankerde lewensiening op die akademie en die taak van die Universiteit bevraagteken. In 'n sekere sin was dit ook nodig, aangesien aldus professor H.G. Stoker elke tydsgewrig 'n universiteit het wat by hom pas en soos wat tye verander, verander die taak van 'n universiteit ook. Krisisse wat in 'n sekere tydsgewrig ontwikkel, stel aan universiteite die vraag of hulle aan die eise van hulle tyd beantwoord[16] ook ten opsigte van hulle wyse van onderrig. Universiteitsdosente se politieke lojaliteite en lidmaatskap van kulturele "volksverbonde" assosiasies het dikwels, terugskouend betrag, te veel gewig gedra en die onderrigdoelwitte wat met 'n universiteit vereenselwig word, oorskadu.

### *Politieke spore*

In die gees van moontlike republiekwording in Suid-Afrika teen 1960, skryf professor S. du Toit byvoorbeeld:

---

13. Vergelyk brosjure, "50 jaar selfstandig. Die taak gaan voort ..." , 17 Maart 2001, p 10; PUK Argief, Inligtingstuk Burgersdorp, 1951 1994.
14. H.J.J. Bingle, "Die Calvinistiese Stigting", *Die Veteraan*, 28, 3, September 1963, pp 1 2; PUK Argief, J.C. Coetzee versameling, Afdeling 4, Onderwerplêer oor die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, 1954 1960, korrespondensie, S. du Toit J.C. Coetzee, 5 Januarie 1954.
15. Vergelyk "C.V.B. Saamtrek", *Die Veteraan*, 32, 2, Junie 1967, p 28.
16. Vergelyk PUK Argief, Verslag van die Rektor, April 1993, Kanseliersrede, F.W. de Klerk, 27 Februarie 1992, p 172; P.F. van der Schyff, *Wonderdaad ...!, Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid* (Paarl Print, Paarl, 2003), pp 387 392. Hierin word biografiese toeligting oor Stoker verskaf.

> Dit is nie nodig om ons Universiteit op te roep om sy deel aan hierdie saak te doen nie ... Van die begin van ons Universiteit is die Republikeinse gedagte daarmee as't ware saamgeweef. Die Teologiese Skool waaruit die P.U. vir C.H.O gebore is, was altyd eng verbonde met die volkstryd.

As voorbeelde is genoem die Eerste Afrikaanse Beweging waarin die Teologiese Skool en professor Jan Lion Cachet 'n prominente rol gespeel het. Ook in die eerste jare na die nasionale stryd in 1914 het dosente van Potchefstroom 'n leidende aandeel in hierdie stryd gehad. In studenteverenigings (soos Korps Veritas Vincet; die ANS en die ASB) is die Republikeinse vlam "brandend gehou" aldus professor S. du Toit. Voorts het hy genoem dat die Universiteit ook die beginsels van 'n republiek krities en indringend ondersoek, maar "deurgaans die begeerte [het] om soveel moontlik te behou van die konstitusies van die Boere-republieke ... Daarby is dit, gesien in die verband van die ontwakende nasionalisme in Afrika, vir ons van die uiterste belang dat ons Republiek so gou moontlik kom, anders bly ons agter". Enige spanning wat tussen rassegroepe van daardie tyd bestaan het, is voor die deur van die verpligte gebondenheid aan die Britse Kroon gelê. Professor Du Toit het sy betoog afgesluit deur die volgende op te merk:

> Die Christelik Nasionale gedagte, wat nog altyd die poolster van ons Universiteit was, is die lig wat ook die pad van ons volk sal aanwys. Daaraan moet ons onwrikbaar vashou. Daarsonder is daar vir ons geen dageraad nie.[17]

Die meerderheid PUK-studente, blyk dit, het hierdie sentimente op grond van hulle opvoeding en dié van hulle leermeesters, met entoesiasme ondersteun. Hierdie ondersteuning was onder meer waarneembaar toe sowat vierhonderd studente (verteenwoordigend van effens minder as vyf-en-twintig persent van die PUK-studentekorps in daardie stadium) op 20 Maart 1961 "bankvas op Jan Smuts"-lughawe (tans die Johannesburgse Internasionale Lughawe) gestaan het om die Eerste Minister, H.F. Verwoerd, na sy terugkeer van die Premierskonferensie (waarna Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond spoedig gevolg het, met die oog op republiekwording) te verwelkom. In *Die Veteraan* is ook berig dat "Republiekwording op 'n luisterryke wyse met spontane studentesang" gevier is, en "'n optog deur die strate" gehou is by wyse van "indrukwekkende middernagtelike vreugdevure en serenades".[18]

---

17. S. du Toit, "Die Universiteit, die Veterane en die Republiek", *Die Veteraan*, 25, 2, Junie 1960, pp 20 22.
18. D. Herbst, "Aan die studentefront", *Die Veteraan*, 26, 2, Junie 1961, p 45.

### *Die "volkseie"*

Die Universiteit se nuut verkose Kanselier, senator doktor Jan de Klerk, het in 1962 die reklame vir 'n republiek uitgedra deur by sy inhuldigingsplegtigheid te verwys na die doelbewuste voorbereiding van die wit jeug "vir die voortbestaan van die blanke in die Republiek van Suid-Afrika en van die Republiek self". Ook het hy gesê dat "hierdie volk van ons geroep is om lig in 'n donker Afrika te wees"[19] woorde wat uiteraard vir die tyd en veral vir die witmense van die tyd aanvaarbaar was. Uitsprake soos hierdie was 'n gerusstelling en as heel gepas beskou.[20] In kringe is na 'n Suid-Afrikaanse universiteit, soos dié in Potchefstroom, as 'n "volksuniversiteit" verwys.[21]

"Volks"diens was gedurende die sestigerjare die gonswoord onder die meerderheid wit Afrikaanssprekendes.[22] Daarom is dit dan ook nie vreemd dat die sluipmoord op die Eerste Minister, H.F. Verwoerd, in September 1966 ook die PU vir CHO emosioneel geraak het nie.[23] Dit was 'n gebeurtenis wat 'n impak gehad het op die hoogste gesagstrukture van die Universiteit, binne studentekringe en ook tot op bedryfsvlak. Die Rektor, professor Bingle, het selfs 'n huldigingswoord oor Verwoerd oor die senders van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gelewer. Daarmee het hy waarskynlik die meerderheid dosente en studente van die Universiteit wat hy verteenwoordig het, se sentiment verwoord:

> Dr. Hendrik French Verwoerd ... Met hom het ons land een van sy grootste geeste verloor en die wêreld 'n man wat reg en geregtigheid geken en beoefen het. As Eerste Minister het dr. Verwoerd sy ferm hand op elke faset van die volkshuishouding gehad, ook op die onderwys ... Al sy redeneringe, al sy aanvoelinge het hy met mag voortgebring omdat hy geglo het dat sy saak en die saak van die volk reg was ...[24]

Net so was professor Bingle dankbaar oor die besondere groei in die studentegetalle van die PUK gedurende hierdie periode vooruitgang wat

---

19. PUK Argief, Verslag van die Rektor, 1962, p 5.
20. Vergelyk D. Herbst, "Die Afrikaanse Studentebond voorwaarts!", *Die Besembos*, 1962, pp 78 81.
21. A.H. du P. van Wyk, "Die veranderende rol wat die Universiteit in die volkslewe speel". Vergelyk *Die Veteraan*, Junie 1962, pp 6 12.
22. "P.U. wil volksdiens lewer", *Die Veteraan*, 32, 3 & 4, September & November 1967, p 50.
23. Vergelyk PUK Argief, Verslag van die Rektor, 1966, p 2.
24. "Dr. H.F. Verwoerd", *Die Veteraan*, 31, 4, Desember 1966, p 1.

daartoe gelei het dat die PUK "verdere guns" in die oë van "die volk" verwerf het.[25]

## Ander denke aan die PUK oor die onderwys en politiek vanuit 'n "Neo-Calvinistiese" denkraamwerk

### *Gedagtes oor tersiêre opleiding vir swartmense – Die vyftigerjare*

Gedurende dié eerste jare van die Bingle-rektorstermyn, het hy by geleentheid sy kommer uitgespreek oor die versteurde balans in die praktyk tussen die "Christelike" en "Nasionaal" as konsepte wat deel van veral die wit Afrikaner se denke gevorm het. In die heel eerste studiestuk van die IBC, het professor Bingle hieroor gekla:

> Ons is besig om nasionaal Christelik te word; eintlik word ons net nasionaal, maar omdat ons verlede ons nie wil loslaat nie, gryp ons as 'n agterna gedagte die Christelike aan wat eens die wesenlike van ons bestaan was.

Uiteraard het veral akademici op 'n individuele grondslag hieroor gedebatteer om te probeer om 'n meer korrekte balans tussen die Christelik-skriftuurlike en die volkskulturele elemente van die PU vir CHO-karakter te bewerkstellig.[26] Professor Bingle was daarvan oortuig dat sy besluite oor prominente aangeleenthede wat die PUK raak, nie dié soort kultuurgebonde elemente bevat het waarna hy tog by geleentheid verwys het nie. 'n Veel jonger professor Bingle het reeds in 1952, en die historikus, professor D.W. (Daantjie) Krüger in 1953, profetiese gedagtes geopper oor die veronderstelde onderwysingesteldheid en politieke gesindheid teenoor swart Suid-Afrikaners. H.J. (Hennie) Bingle het verklaar:

> In hierdie konstellasie behoort die P.U. vir C.H.O. ongetwyfeld 'n unieke posisie te beklee kragtens sy besondere standpunt en roeping. En om hierdie rede dra hy ook 'n groter verantwoordelikheid as enige ander universiteit in ons land. M.a.w. die ondergetekende is daarvan oortuig dat indien daar 'n Afrikaanse universiteit is waarvan die roeping is om die terrein van die naturelle hoër onderwys te betree, dan is dit die P.U. kragtens sy behoudende karakter ... maar dan wil ek dit ook onomwonde stel dat dit nie 'n kersteningroeping teenoor die

---

25. PUK Argief, Verslag van die Rektor, 1971, p 189.
26. P.J.J.S. Potgieter, "Die PU vir CHO as Afrikaanse universiteit", Verkennings in oorgang. Gedagtes by die 125 jarige bestaansjaar van die PU vir CHO 1994, *Koers*, Supplement 1, 1998, p 126.

> naturel het nie, maar 'n roeping om met die Christelike Wetenskap [Bingle se beklemtoning] na die naturel te gaan …[27]

'n Moontlike kollege vir swart studente in Potchefstroom of elders bestuur deur die PUK is deur hom voorgestel. Kennelik het van hierdie oogmerk gedurende die vyftigerjare weinig tereggekom.

Op sy beurt het D.W. Krüger dit gestel dat:

> ... die grootste probleem vir die blankes van Suid Afrika sal binne etlike jare wees hoe om hulle aan te pas in 'n gemeenskap waarin blank en nie blank gelyke politieke regte geniet, want dit word by die dag duideliker dat so 'n tyd aanstaande is. Dit is 'n bittere gedagte vir elke blanke dat sy politieke alleen seggenskap slegs tydelik is. Op die oomblik besef die meeste blankes nie die tydelike aard van hulle voogdyskap nie, maar tog is dit 'n historiese noodwendigheid …[28]

Bogenoemde woorde verteenwoordig inderdaad stemme *in* die tyd, maar nie *van* die tyd nie.

### *Die 1959-"rebellie"*

Die 1959-"rebellie" van drie dosente was 'n ander voorbeeld van waar akademici die Christelik-skriftuurlike en die volkskulturele elemente van die PU vir CHO-karakter aan hulle wetenskaplik-akademiese beskouings gemeet het. Professore Wikus du Plessis, Hennie Coetzee, asook die vermelde professor Daantjie Krüger het in 1959 die apartheidsbeleid en die toepassing daarvan vanuit 'n wetenskaplike konteks beredeneer en bevraagteken.[29]

Hoewel die "rebelle" se kritiek nie so ver gegaan het dat die apartheidsbeleid geheel en al verwerp is nie, het hulle onder meer daarop gewys dat swart nasionalisme nie verontagsaam kon word nie en het hulle skakeling met die African National Congress (ANC) bepleit. Hierdie dosente se uitsprake is skerp veroordeel in Nasionale Partygesinde koerante. Ook aan die PUK het verskeie personeellede hulle van dié

---

27. Vergelyk J.C. Coetzee versameling, Band 12, "Universitêre onderrig aan naturelle", deur H.J.J. Bingle (sameroeper Ad hoc Kommissie van die Sinodale Sendingdeputate van die Gereformeerde Kerk), 12 September 1952.
28. PUK Argief, D.W. Krüger versameling, korrespondensie, 8 Junie 1953 (aan wie Krüger hierdie notas gerig het en of dit bloot gedagtes op papier was, is onduidelik).
29. Vergelyk PUK Argief, D.W. Krüger versameling, Verklaring na mediaberigte, 13 Mei 1959.

uitlatings gedistansieer.[30] In koerante is hulle as die "PUK-rebelle" geëtiketteer. Die PUK het mettertyd al drie van hulle met eredoktorsgrade vereer. Oor een van hulle is byvoorbeeld etlike jare later die volgende geskryf:

> Oor die jare het party mense gevoel die Potchefstroomers [sic] is dwarstrekkerig: maar dikwels het die Potchefstroomers [sic] uitgestaan as manne wat opreg vooruit dink, wat 'n bietjie dieper besin; veral in die laaste paar jaar het hulle 'n noodsaaklike gewetenstem uit die Nasionale Afrikanerdom laat hoor. As 'n mens praat van die Potchefstroomse bydrae van eerlik vooruit dink, dan moet jy veral hulde bring aan wyle professor Wikus du Plessis, so uit die ruggraat van Potchefstroom ... As vurige voorstander van onafhanklikheid vir die Bantoetuislande het Wikus du Plessis nogtans sterk gestaan op noue skakeling en samewerking met die Bantoe ... reeds in die vyftigerjare het Wikus du Plessis in 'n kerklike kommissie gepleit dat geleenthede en fasiliteite gekry word waar blank en nie blank mekaar kan raadpleeg en saam verkeer. Teen die strenger vorms van apartheid het hy selfs gebrom: "Daar is nie eens meer plek waar mens met 'n Bantoe 'n koppie koffie kan drink nie" …[31]

Inderdaad was dit 'n gewetenstem vanuit Potchefstroom.

### *Die Koinonia-verklaring en die PUK*

In November 1977 was 'n aantal PUK-personeellede, hoofsaaklik jong akademici, asook enkele senior studente[32] betrokke by die opstel van die Koinonia-verklaring.[33] Hierdie verklaring het sterk reaksie binne en buite die Universiteit veroorsaak en is boonop uitgereik op die vooraand van 'n algemene verkiesing. Sake soos ongelykhede in die regte van

---

30. J. Snyman, "Doppers se dilemma. 'Stem van Potch' is stil", *Insig*, Mei 1991, pp 10 11.
31. Vergelyk PUK Argief, J.C. Coetzee versameling, Paper, L.J. du Plessis, "Apartheid the threat to South Africa's universities", *International Committee on Science and Freedom,* 2 November 1958; O. Krause, "Ons gewete sit in Wes Tvl!", *Die Transvaler*, circa 25 April 1970.
32. C.J. Coetzee noem die name van Elaine Botha, Ponti Venter, Lourens du Plessis (jong dosente en later professore), asook Theuns Eloff (student en teen 2003 die PUK rektor) as ondertekenaars kyk sy artikel "Die PU vir CHO en die rasse en volkereproblematiek enkele aspekte", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, p 283. Verskeie ander ondertekenaars was ook aan die PUK verbonde. Vergelyk H. Serfontein, "We stand for justice and love", *Rand Daily Mail*, 26 November 1977.
33. Die woord "Koinonia" (die Griekse woord vir "gemeenskap") is ontleen aan die naam van 'n vergaderplek waar die verklaring gedeeltelik opgestel is.

Suid-Afrikaanse onderdane, statutêr-diskriminerende bepalings en aanhouding sonder verhoor, is as onaanvaarbare praktyke uitgewys. In daardie stadium het 'n lektor in Politieke Wetenskappe, P.J.J.S. Potgieter,[34] byvoorbeeld klaarblyklik 'n Engelse koerant meegedeel dat "... we are no longer prepared to place our nationalist feelings and ideals always ahead of our Christian convictions."[35]

Voorts het 'n Engelse koerant bespiegel dat die Koinonia-verklaring die begin is van 'n kulturele revolusie met internasionale betekenis.[36] Die Koinonia-lede (Afrikaanse en Engelse reformatoriesgesindes onder wie ook enkele studente) was daarvan oortuig dat 'n ontevrede stem moet opklink teen onder meer ongelykheid, onvoldoende grondtoekenning aan swart gemeenskappe, die magsmisbruik van die owerheid en die dood van Steve Biko.[37]

Hierdie stem van die "tweede rebellie", wat uitgeloop het op die Koinonia-verklaring van 16 November 1977,[38] kon net nie genoegsame ondersteuning van die res op die PUK verkry nie. Moontlik was daar wel 'n stille simpatie teenoor die "Calvinistiese anti-apartheidstem",[39] maar daar was ook 'n innerlike passiwiteit of intellektuele traagheid om mee te doen aan die bevraagtekening van die gangbare aksente van daardie tyd. Dan was daar ook diegene binne die akademie wat hierdie "uitgesprokenes" op die vingers getik het[40] as synde die massa "stem van Potchefstroom" te verteenwoordig, terwyl die PUK terselfdertyd in 'n té

34. Potgieter is mettertyd tot professor bevorder, waarna hy as hoof van die Departement Politieke Wetenskappe aangewys is en later tot studentedekaan bevorder is.
35. J.H.P. Serfontein, "Christians first   Potch Calvinist", *Rand Daily Mail*, 24 November 1977.
36. Vergelyk N. Ferreira, "The start of a cultural revolution", *Rand Daily Mail*, 24 November 1977, p 17; Anonymous, "Calvinist academics launch world protest", *Rand Daily Mail*, 21 November 1977, p 3.
37. C.J. Coetzee, "Die PU vir CHO en die rasse  en volkereproblematiek   enkele aspekte", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, pp 282 284.
38. PU vir CHO, Oorspronklike verklaring ontvang van professor B.J. van der Walt, getiteld: "Die Koinonia verklaring", 16 November 1977.
39. Soos verwys is na die stem van Potchefstroom deur professor J.J. (Ponti) Venter. Kyk PU vir CHO, Elektroniese korrespondensie, E.S. van Eeden   J.J. Venter (Vakhoof van die Departement Filosofie), 22 Febuarie 2004.
40. Vergelyk kommentaar in koerante en interne tydskrifte soos deur byvoorbeeld professor Hendrik van der Wateren (destydse dosent in Volkekunde), en later professor Hennie Coetzee se opmerkings oor die groepie wat in Dakar met die ANC gesprek gevoer het. Vergelyk PU vir CHO, Elektroniese korrespondensie, E.S. van Eeden   J.J. Venter (Vakhoof van die Departement Filosofie), 22 Februarie 2004.

noue assosiasie gestaan het met prominente regeringsleiers van daardie tyd. Derhalwe het die Eerste Minister, advokaat John Vorster, in 1977 tydens die opening van die Totius-gedenktuin nogal heel ironies gevra na die stem van Potchefstroom, juis vanweë die "vals basuin uit die dorp" (verwysende na die Koinonia-verklaring en eis tot oop universiteite) wat hy gehoor het.[41]

**'n Vals basuin? Akademici en apartheid**

In die vyftiger- en sestigerjare het die redaksie van *Woord en Daad* die standpunt bly huldig dat die apartheidsbeleid op Christelike beginsels gebaseer is. Hierdie dekades is ook gekenmerk deur die voortgaande deurvoering van apartheidsmaatreëls wat sake soos die wegneem van die kleurlingstemreg, die rasseklassifikasie, gedwonge verskuiwings, werkreservering en die verskerping van die paswette ingesluit het. Veral is geskryf oor die ontwikkeling van die eertydse swart tuislande wat vir die redaksie die kern van die apartheidsbeleid was. By die regering is daarop aangedring om die ontwikkeling van die tuislande te versnel. Wit Afrikaners is gewaarsku dat hierdie beleid sal misluk as hulle nie bereid sou wees om groot materiële opofferings te maak nie. Die blad het 'n klein leserskring gehad, wat hoofsaaklik uit lede van die ACB bestaan het.[42]

Professor Hennie Coetzee, was byvoorbeeld die Hoofredakteur van *Woord en Daad* in die sewentigerjare. Sy bevraagtekening van die regering se *bona fides* ten opsigte van die toepassing van wette soos die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet is bekend.[43] Daarby het die oud-Pukstudent en -dosent, doktor W.J. (Willem) de Klerk, se menings ook gereeld die nuusblaaie gehaal. Vanuit sy politieke standpunte is die gebruik van die konsepte "verkramp" en "verlig" in die geskiedenis van Suid-Afrika verewig.[44]

Op sy beurt het professor Gert Scholtz, 'n dosent in Liggaamlike Opvoedkunde, die geleidelike integrering van swart sportbeoefening by

---

41. J. Snyman, "Doppers se dilemma. 'Stem van Potchefstroom stil'", *Insig*, Mei 1991, pp 10 11.
42. C.J. Coetzee, "Die PU vir CHO en die rasse en volkereproblematiek enkele aspekte", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, pp 277 281.
43. P. Vorster, "Herroep die wette heeltemal", *Die Transvaler*, 8 November 1979, p 7.
44. Vergelyk *Die Wapad*, 21 Maart 1969, p 3.

bestaande stelsels bepleit.[45] Voorts was daar professor Johan van der Vyver menseregtekenner van internasionale aansien wat in 1979 sy pos aan die PUK noodgewonge moes ontruim toe die Universiteitsraad "nie meer sy vreeslose en sterk uitsprake teen menseregteskendings ... kon verduur nie". In 2003 is hierdie akademikus deur die PU vir CHO met 'n eredoktorsgraad vereer.[46]

Dit blyk ook dat sommige PUK-akademici meer vrymoedigheid gehad het om hulle menings aangaande die verlede en politieke hede in koerante en op kongresse hoorbaar te maak. Soos Eerste Minister Vorster wat verwys het na die "vals basuin", het 'n lid van die Volksraad, doktor Connie Mulder, sy misnoeë met PUK-dosente te kenne gegee. Sy ontevredenheid was veral oor die Koinonia-verklaring[47] en die stem van die PUK in die politiek.[48]

Professor Tjaart van der Walt se reaksie by geleentheid was:

> Laat ons in elk geval nie al te bang wees vir omstredenheid nie die geskiedenis van ons Universiteit is as't ware een en al omstredenheid. Net, laat ons sover as wat dit in ons vermoë is, toesien dat ons oor die regte sake omstrede is en op die regte wyse.[49]

Hierdie "regte wyse" het waarskynlik vir professor Van der Walt onder meer behels dat die intellektuele bydrae en standpunte van die Universiteitskorps wat dalk omstrede van aard kon wees aan wetenskaplik-akademiese eise moes voldoen. As 'n dosent se standpunte nie wetenskaplik-akademies blyk te wees nie, het professor Van der Walt verder opgemerk, "moet hy maar liewer voltyds 'n politikus word".[50] Na soveel jare wat die PUK direk en indirek geassosiasieer het met wat op die politieke front gebeur, was hierdie goed bedoelde opmerking moontlik net 'n ideaal. In hierdie opsig moet in ag geneem word dat 'n

---

45. J. Coetzee, "Swart sport moet stadig integreer", *Die Vaderland*, 10 Februarie 1979, p 10.
46. Aldus die woorde van die joernalis (en oud Puk) A. Mischke, "Godsdiensverbod op skool sal teen grondwet wees", *Rapport*, 18 Mei 2003.
47. Vergelyk "Calviniste kritiseer die regering", *Rapport*, 20 November 1977, p 14.
48. Vergelyk I. Wilkins, "Potch in a tizzy over: Calvinist stand", *Sunday Times*, 9 August 1978, p 2.
49. Vergelyk W. Scott, "Prof. Tjaart van der Walt (1977 1988)", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, p 78.
50. Vergelyk C.J. Reinecke, "Die personeel as draers van die ideale van ons universiteit", *Wetenskaplike Bydraes van die PUK Argief*, Reeks C9, 1990, pp 2 5.

hele aantal rektore verbintenisse met die Broederbond gehad het en sommige selfs in hulle bestuurstermyn portefeuljes daarin beklee het.

Oënskynlik het professor Van der Walt wel daad by woord probeer voeg, want hy het as voorsitter van die ACB uitgetree. Van buite is die optrede van professor Van der Walt geoordeel as “die begin van die Dopper-dilemma wat vir ’n lang tyd met hulle effense stroomop-/stroomaf- politieke uitsprake geduld is”, omdat hulle kritiek gemotiveer kon word as relevant “vir die Afrikaner van destyds”.[51]

## Die studentestem

### *Studente en die politiek*

Vir soverre dit die sosio-politieke sentimente van studente in die vyftiger- en sestigerjare betref, is dit nie so duidelik hoe studente hulleself altyd oor die politiek en die “volkgedagte” uitgedruk het nie. In byvoorbeeld die Studenteraadsvoorsitterstermyn van Tjaart van der Walt het hy die apatiese houding van die studente jeens politieke aangeleenthede beskou as dikwels “baie pratende, min doenende”.[52] Die PUK se Voorsitter van die ASB in 1957, D. Postma, was ’n ander mening toegedaan. In ’n skrywe deur hom in *Die Besembos* merk hy op dat die “Afrikanerstudent ’n eer en ’n voorreg het om aan die oorblyfsel van God te behoort”. Hy het geblyk ook kennelik tevrede te wees met hoe die Afrikanerstudent meedoen aan debatte en in tersaaklike nuusgebeure belangstel.[53]

Doktor Theuns Eloff byvoorbeeld, het as Studenteraadsvoorsitter vanaf 1977 tot 1979 die “stem van die PUK” verder uitgedra met sy mosie oor oop universiteite. Hierdie mosie het landswyd aanhangers verwerf, maar ook teenstanders gemaak.[54] Internasionaal en nasionaal was die PUK gedurende Theuns Eloff se studentejare steeds bekend as “one of the intellectual fortresses of Afrikanerdom”. Nogtans het hierdie

---

51. J. Snyman, “Doppers se dilemma. ‘Stem van Potchefstroom stil’”, *Insig*, Mei 1991, pp 10 11.
52. T. van der Walt, “Politiek in ons studentelewe”, *Die Besembos*, 1956, pp 10 11.
53. D. Postma, “Afrikanerstudent ... ’n eer en voorreg”, *Die Besembos*, 1957, pp 47 49.
54. Vergelyk A. Mischke, “A.S.B. Studiestuk oor kruispad. Dit raak hele SA situasie”, *Die Vaderland*, 17 Februarie 1979, p 1; Anoniem, “Opstellers van ASB studiestuk beweer: Afrikaners pleeg ook rassisme”, *Die Beeld*, 15 Maart 1979, p 3.

mosie weer eens 'n individuele poging binne PUK-geledere nie genoeg gewig gedra om histories swart universiteite te oortuig dat 'n oproep om samewerking 'n opregte begeerte en versoek van die ASB-voorsitter, as 'n verteenwoordiger van 'n histories Afrikaanse universiteit, was nie.[55] Eventueel blyk dit dat hierdie studentegenerasie se stem vanuit die histories Afrikaanse universiteite 'n prominente rol sou speel in die land se demokratiseringsproses.[56]

### *Gelyke onderwysgeleenthede kry die wind van voor*

Meer as 'n dekade na die 1959-rebellesage is twee swart studente in 1973 tot nagraadse studie aan die PUK toegelaat, en daarmee was die PUK die eerste histories-Afrikaanse universiteit om hierdie besluit te neem. Oor professor Bingle se onderwysbenadering dat gelyke onderwysgeleenthede vir almal moet geld afgesien van kleur of ras[57] het weinig waarskynlik fout gevind.[58] Toe daar nog 'n verdere dekade later besluit moes word of voornemende swart voorgraadse studente ook toegelaat moet word, het 78 persent van die studente uit 'n meningspeiling van 2 000 (uit 'n potensiële 8 000) daarteen gestem.[59] Die voorrang wat gegee is aan die belange van die eie groep 'n aspek wat ingebed was in die "volk"-gedagte het waarskynlik die uitslag in 'n belangrike mate bepaal. In die beklemtoning van die belange van die eie groep het die Raad sowel as die akademici waarskynlik net so 'n groot aandeel gehad as die ouerhuise waarin die studente reeds van jongs af gevorm is.

### Die De Klerks as 'n PUK-stem

Die besondere band van die PUK met die De Klerk-familie (dosente, studente en raadslede) wat meestal met die Suid-Afrikaanse politieke bedrywigheid geassosieer is, is 'n geheel andersoortige stem wat vir jare

---

55. Vergelyk C.C. O'Brien, "A change of heart ... and a case of black rejection", *The Star*, 24 Julie 1979.
56. 'n Opmerking gemaak deur T. Eloff tydens onderhoud met Elize van Eeden, Februarie 2003.
57. Vergelyk PUK Argief, H.J.J. Bingle versameling, Aantekeninge van professor Bingle vir voorlegging aan die Nasionale Onderwysersraad, Nasionale Meesterplan, circa 1975.
58. Vergelyk P.J.J.S. Potgieter, "Die PU vir CHO as Afrikaanse universiteit", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, p 117.
59. P.J.J.S. Potgieter, "Die PU vir CHO as Afrikaanse universiteit", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, pp 130 131.

aan die PU vir CHO status gegee het.[60] Die De Klerk-familie het diep spore in die PUK-geskiedenis getrap. So was dominee W.J. de Klerk die eerste Registrateur van die PUK. Daarna het dominee De Klerk se seun, senator Jan de Klerk gevolg en die amp van Kanselier van die PUK van 1962 tot 1979 beklee.[61]

Senator Jan de Klerk se een seun, doktor Willem (W.J). de Klerk, was van 1965 tot 1973 'n dosent aan die PUK en lid van die Raad van die Universiteit. Senator De Klerk se ander seun, F.W. de Klerk, Uitvoerende Staatspresident en 'n politieke hervormer van Suid-Afrika tot 1994,[62] was ook vir 'n kort tydjie lid van die Raad en vir etlike jare die Kanselier van die PU vir CHO. F.W. de Klerk se eerste vrou, Marike, was self 'n oud-PUK.[63] Teen 2003 het F.W. de Klerk hom steeds beywer om as oudstudent die PUK-kampus op velerlei wyses te ondersteun en te verteenwoordig. Met hierdie pogings, nasionaal en internasionaal, het hy 'n uitmuntende bydrae gelewer.[64]

## Die PUK-stem, 1985-2003

### *Woord en Daad* ontwaak

Sedert die tagtigerjare het *Woord en Daad* sterker uitsprake as ooit in die verlede teen die wegdoen van diskriminerende maatreëls binne die politiek gemaak. In 1986 het die blad hom, soos ook voorgestaan deur verskeie Afrikaanse intellektuele van daardie jare, ten gunste van onderhandelinge met die ANC verklaar.[65] Professor Lourens du Plessis,

60. Vergelyk F.W. de Klerk, *Die laaste trek 'n nuwe begin* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1999); "F.W.: the 'about turn' reformer", *Sunday Times*, 24 Februarie 1991, p 11.
61. PUK Argief, Verslag van die Rektor, 1962, pp 5 6.
62. Vergelyk R. Thurow, "The peacemaker. F.W. de Klerk holds with Nelson Mandela South Africa's future", *The Wall Street Journal*, 215, 41, February 1990.
63. Vergelyk ook PUK Argief, Jaarverslag van die Rektor, April 1991, Interne verslag aan die Raad, p 57; Alhoewel F.W. de Klerk reeds gedurende die sestigerjare genader is om op die Raad te dien, het hy die versoek van die hand gewys omdat, soos hy dit op 'n keer in korrespondensie gestel het, dit te veel na 'n "familiebesigheid" sou lyk. Mondelings vertel aan die skrywer deur prof. C.J. Reinecke en J.J. Verhoef (eertydse Adjunkregistrateur); "F.W. en Marike de Klerk. Politiek is in hulle bloed", *PUK Skakel*, 85, 2, 1985, pp 4 7.
64. Inligting verskaf deur C. Windell (eertydse Direkteur van die Afdeling Bemarking), Januarie 2004.
65. L.M. du Plessis, "Optimisme is peperduur", *Woord en Daad*, 26, 282, Februarie 1986, pp 2 4.

wat van 1981 tot 1986 redakteur van *Woord en Daad* was, en dominee Theuns Eloff, Voorsitter van die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika (oftewel REBSA, soos wat die ACB toe bekendgestaan het), het in 1987 deel uitgemaak van die groep Afrikaanssprekendes wat 'n gesprek gevoer het met ANC-leiers in Dakar, Senegal. Hierdie optrede is in die redaksionele kolomme van *Woord en Daad* teen heftige kritiek vanuit Afrikaanse geledere verdedig.[66]

'n Politieke uitspraak van Julie 1988 wat vereenselwig is met die stem van Potchefstroom en nie net die belang van die betoog "vir die [wit] Afrikaner" beklemtoon het nie, was 'n redaksionele berig[67] in *Woord en Daad* waarin 'n pleidooi vir die vrylating van Nelson Mandela gelewer is.[68] Die Redakteur, professor Jacques van der Elst,[69] onthou hoe hierdie skriftelike pleidooi deur die *Woord en Daad*-redaksie wyd en syd aandag getrek het in die binne- en buiteland. Die redaksionele artikel het ook daartoe gelei dat F.W. de Klerk 'n onverwagse besoek aan die redaksie gebring het om te verneem of hulle enige voorstelle in dié verband wou maak. Die afloop van 'n tweede gesprek hieroor wat in die kantoor van De Klerk in Pretoria plaasgevind het, was minder positief. Vir sommige van die lede van die *Woord en Daad*-redaksie het De Klerk in daardie stadium minder ontvanklik voorgekom vir die gedagte om Mandela vry te laat as tydens sy eerste ontmoeting met hulle daaroor.[70]

Tydens die gesprek van die *Woord en Daad*-redaksie met De Klerk was die toelating van studente van kleur tot PUK-koshuise ook onder bespreking. Terselfdertyd het 160 personeellede in 'n beswaarskrif protes aangeteken omdat die stadsraad nie openbare geriewe vir alle inwoners op die dorp wou oopstel nie.[71] Professor Van der Elst en ander personeellede het een van die formele samekomste met studente om

---

66. J. van der Elst, "Die reis na Dakar", *Woord en Daad*, 27, 300, Augustus 1987, pp 2, 19 20.
67. Professore J. van der Elst (Redakteur van *Woord en Daad*) en Harm Moraal het die berig oor die voorgestelde vrylating van mnr. Nelson Mandela in *Woord en Daad* geskryf. Vergelyk PU vir CHO, Onderhoud, E.S. van Eeden met professor J. van der Elst, 1 April 2004.
68. Vergelyk J. Coetzee, "Kerkblad noem die risiko's en sê ... Mandela moet uit", *Die Vaderland*, 18 Augustus 1988, p 3.
69. Vergelyk PU vir CHO, Elektroniese korrespondensie, E.S. van Eeden Professor J. van der Elst, 2 Maart 2004; PU vir CHO, Onderhoud, E.S. van Eeden met professor J. van der Elst, 18 Maart 2004.
70. PU vir CHO, Herinneringe, Professor J. van der Elst, 1 Maart 2004.
71. Vergelyk J. Coetzee, "Puk geleerdes eis: Oop dorp ... of bedank", *Die Transvaler*, 6 Maart 1990, p 1; "Verskeie PUK personeellede eis: Die Stadsraad van Potch moet bedank", *Beeld*, 7 Maart 1990, p 4.

gesprekke oor hierdie aangeleenthede te bevorder, gehad. Sy "progressiewe" gesindheid het daartoe gelei dat PUK-studente die volgende graffiti in reuseletters op sy tuinmuur geverf het: "Kafferboetie Pienk prof".[72] Volgens studente wat in daardie jare op die Politieke Raad van die studente was, van wie die meerderheid professor Van der Elst klaarblyklik in sy benadering gesteun het, was "pienk" vir die sogenaamde "regse" studente die kleur simbolies van 'n liberaal-denkende.[73] Die regse mondstuk, *Afrikaner,* het waarskynlik 'n groot bydrae tot hierdie beeld gelewer toe in 1989 na professor Tjaart van der Walt se nuwe voorsittersposisie by Sanlam verwys is as "Sanlam word pienk".[74] Pienk in die gebruik van Engels as groeptaal blyk eerder bekend te wees as die kleur wat verwys na 'n persoon wat simpatiseer met, of beïnvloed is deur die kommunistiese ideologie.[75]




**So lyk die muur voor prof. Jaques van der Elst se huis. Hy het die beswaarskrif teen die Potchefstroom Stadsraad se besluit oor die oopstelling van geriewe op die dorp onderteken. Berig bl. 1.**

Figuur 1: Koerantfoto van die graffiti op professor Jacques van der Elst se tuinmuur.
Uit: *Potchefstroom Herald*, 23 Maart 1990, p 3.

72. Vergelyk *Potchefstroom Herald*, 23 Maart 1990, pp 1, 3; PU vir CHO, Herinneringe, Professor J. van der Elst, 1 Maart 2004.
73. Hierdie inligting is mondeling gekommunikeer deur me. S. van Aswegen (Fakulteit Opvoedkunde en eertydse lid van die PUK SR se Politieke Raad), 8 April 2004.
74. Vergelyk "Tjaart wil saamwerk met Rupert. Sanlam word pienk", *Afrikaner*, 29 Maart 1989, p 5.
75. Vergelyk Grolier, *The New Book of Knowledge, Dictionary* II, (Houghton Mifflin, USA, 1981), p 995.

Om terug te keer tot die bespreking oor die PUK-oproep tot die vrylating van Mandela, was dit ironies dat De Klerk op 2 Februarie 1990, enkele maande later, tydens die parlementêre opening wel die ontbanning van die ANC, sowel as die vrylating van politieke gevangenes insluitend Nelson Mandela, aangekondig het.[76] Die stem van Potchefstroom is inderdaad nie geïgnoreer nie …[77]

### *Die beeld van die PUK in persepsies vasgevang*

Teen die tyd dat professor Tjaart van der Walt in 1988 die rektorsamp neergelê het, was die indrukke wat die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners van die stem van die PUK en die beeld van die Universiteit gehad het, waarskynlik persepsies waarin afsku, verwerping en growwe etikettering meegespeel het. Hierdie voorstellings verteenwoordig 'n beeld waaraan die PUK vir jare bewustelik en onbewustelik meegedoen het. In tye waarin 'n luidkeelse reaksie teen onder meer onreg vereis is, het die Universiteit te lank en te dikwels oorgekom as slegs 'n éénstemmige, Christelik-gerigte tersiêre wetenskaplike instansie. Gevolglik het hierdie spesifieke Christelike gerigtheid van die Universiteit, ironies genoeg, die PUK mettertyd meer skade berokken vanweë die persepsies van die buitewêreld. Professor Bennie van der Walt, wat van tyd tot tyd namens die IRS sy "moeder" [die PUK] ernstig vermaan het,[78] het dit só gestel:

> Die feit dat die Reformatoriese tradisie in Suid Afrika op die Christelik nasionale dwaalspoor beland het, en dat die PUK Christelik nasionale onderwys met die inherente dialektiek daaraan verbonde voorgestaan het, het die Afrikaner oor die algemeen, en die PUK as instelling geleidelik geestelik verswak om prinsipieel weerstand te kon bied teen 'n politieke stelsel wat een volk en kultuur ... vooropgestel

---

76. Vergelyk B.J. Liebenberg and S.B. Spies (eds.), *South Africa in the 20th century* (J.L. van Schaik, Pretoria, 1993), p 525.
77. Dit mag wees dat De Klerk nie hierdie gewigtige saak, waarmee hy dalk reeds positief geassosieer het, te vinnig wou opvolg en sodoende sy potensiële bevordering as volgende Staatspresident in gevaar stel nie. Derhalwe miskien eers hierdie optrede ná sy inhuldiging? Die skrywer is daarvan oortuig dat De Klerk rakende hierdie aangeleentheid minstens ook van die PUK mening kennis geneem het om hom te help om hierdie historiese besluit te neem.
78. B.J. van der Walt, "Die sinvraag in ons verhouding tot die natuur en in die geskiedenis van die IRS", *Koers*, 65, 1, 2000, pp 156 157; PU vir CHO, Gesprek E.S. van Eeden met professor B.J. van der Walt, 3 April 2004.

> het. Dit het ook beteken dat die Universiteit nie sy vryheid en outonomie teenoor 'n totalitêre staat kon handhaaf nie ...[79]

Ander tersiêre instellings het ook 'n gebrek aan outonomie ervaar vanweë die burokratiese en totalitêre wyse waarop die Departement van Nasionale Opvoeding gedurende die apartheidsjare en selfs daarna nog, met die interne sake van universiteite ingemeng het.[80] Daarbenewens het professor Tjaart van der Walt se welbekende refrein "onvoorwaardelik Christen" (standpunte moet die toets van Bybel kan deurstaan) en "onbeskaamd Afrikaans" ('n nie-selfsugtige, eksklusiewe soort Afrikanerskap) die koers van die Universiteit help verander.[81] Hy kon egter nie oornag en gedurende sy termyn met neergelegde indrukke oor die PUK van buite wegdoen nie.

Ongeag dié ingeburgerde persepsies te midde van die hoorbare weerklanke van stemme in *Woord en Daad*, het 'n afvaardiging van die Union of Democratic Staff Associations of South Africa (UDUSA) in Junie 1989, op uitnodiging van die ANC (wat toe nog in ballingskap was), 'n besoek aan Lusaka afgelê om met die ANC te praat oor die situasie van die universiteitswese in Suid-Afrika in daardie stadium. Die UDUSA-afvaardiging was onder die leiding van doktor Mala Singh, tans hoof van die Higher Education Quality Committee, maar op daardie stadium filosofiedosent van die Universiteit van Durban-Westville. Die PUK is ook genooi en verteenwoordig deur professor Annette Combrink, wat toe die PUK-voorsitter van UDUSA was (en teen 2004 as Kampusrektor van die PUK benoem is). Ander lede van die 1989-ANC-afvaardiging het onder andere bestaan uit Oliver Tambo, Thabo Mbeki, Steve Tshwete en Ruth Mompati. Die weeklange gesprek het breedweg gehandel oor die verwagtinge en indukke wat die ANC gehad het oor die universiteitswese in Suid-Afrika.[82]

Binne akademiese kringe en sentrums van uitnemendheid is hard gewerk om die PUK se kundigheid te bemark om so onder meer eerder op die PUK se beeld te fokus as dié van 'n universiteit wat, akademies gesproke, unieke eienskappe het en 'n inrigting is wat op die voorpunt van vernuwing in streeksontwikkeling en in samewerking met die res van

---

79. B.J. van der Walt, "Flitsgedagtes oor die identiteit van die PU vir CHO (1869 1994)", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, p 375.
80. B.J. van der Walt, "Flitsgedagtes oor die identiteit van die PU vir CHO (1869 1994)" Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, pp 375 376.
81. Vergelyk W. Scott, "Prof. Tjaart van der Walt (1977 1988)", Verkennings in oorgang ..., *Koers*, Supplement 1, 1998, p 79.
82. PU vir CHO, Herinneringe, professor A.L. Combrink, Augustus 2004.

Afrika beweeg het.[83] In die rektorsposbeskrywing van professor Reinecke is in 1990 selfs bepaal dat hy "die karikatuurbeeld van die Universiteit" waar nodig moes "afbreek"[84] om juis die uniekheid van die PUK meer na vore te bring.

### *Waar is die stem? Persepsies domineer*

Ondanks die verpligting op die skouers van die Rektor en ten spyte van die reeds vermelde pogings van veral intellektueles om 'n meer positiewe beeld van die PUK en die PUK-student uit te sein, was studente aan dié kampus nogtans bekommerd oor hulle toekoms binne 'n nuwe demokratiese bestel.[85] 'n Akademikus soos professor Pontifax Venter het eerder na 'n verklaring rakende dié gevestigde beeld binne die PUK-bestuurstruktuur gesoek. Sy opmerking oor die PUK-stem het hy so geformuleer:

> ... Het julle agtergekom dat die stem van Potchefstroom doodgegaan het! Dit het doodgegaan saam met die koms van die gedagte dat die Universiteit net op 'n basis van spesialisgroepe op internasionale vlak sy taak kan volbring. Ons is alhoemeer [sic] in daai blikkie gedruk en gewoon finansieel verarm as jy nie meedoen nie. En gemarginaliseer, en weggehou uit elke komitee wat 'n invloed kon hê. En toe hoor ons niks meer van Potchefstroom na 1994 ... nie![86]

Inderdaad het Potchefstroomse akademici in die openbare debat wat in die negentigerjare in die media gevoer is oor die plek en toekoms van die Afrikaner en/of Afrikaanssprekende in die nuwe Suid-Afrika, nie prominent gefigureer nie. Heelwat was egter steeds verbonde aan en aktief werksaam in organisasies wat veral op hierdie groep Suid-

83. Vergelyk PUK Argief, Verslag van die Rektor, 1996 (Verslag van die Viserektororaat: Ontwikkeling), p 2, waarin etlike voorbeelde genoem word van die smee van bande, asook SENRIO se fasiliterende funksie op provinsiale en streeksvlak. B.J. van der Walt, "New hope for a bleeding Africa", *Woord en Daad*, Winter, 1992, pp 27 28.
84. Vergelyk ook PUK Argief, Verslag van die Rektor, 1991: Interne verslag aan die Raad, p 60; April 1993, p 80. Kyk ook B.J. van der Walt se opmerkings in *Woord en Daad*, 32, 341, pp 27 28, waarin hy oor die Pan Afrikanisme konferensie van 1992 berig. J. Snyman, "Doppers se dilemma. 'Stem van Potch' is stil", *Insig*, Mei 1991, pp 10 11.
85. Vergelyk A. Naudé, "Students of the PU for CHE's sources of political information and expectations of the New South Africa", Questionnaire by the Department of Political Communication to 275 students, 1994 1995, pp 67 85.
86. PU vir CHO, BBS netwerk, J.J. Venter, "Dissipline en dissiplinêr", 6 Februarie 2004.

Afrikaners gerig was. In 2000 het 'n regsgeleerde verbonde aan die PUK, professor Francois Venter, byvoorbeeld voorsitter van die Afrikanerbond geword. Hoewel hierdie organisasie nie meer so invloedryk is as vroeër, toe dit bekend gestaan het as die Afrikaner Broederbond nie, bly dit een van die vernaamste organisasies wat sou rigting aandui ten opsigte van die Afrikaanse kultuur se pad vorentoe binne die nuwe politieke bestel.[87] Ongeag die PUK-akademici se oënskynlike afwesigheid of stilte rakende die rol en status van die Afrikaner en die Afrikaanssprekende in den brede, was hulle andersins wel prominent in die koersbepalings in Suid-Afrika voor en na die eerste demokratiese verkiesing in 1994.

Teen 2002 is sommige van die genoemde opmerkings en die problematiek ten opsigte van die PUK-stem vanuit 'n ander invalshoek belig in een van die samevattende verslae, wat gebaseer was op die sogenaamde Eloff-vraelys wat in 2002 aan PUK-werknemers gerig is. 'n Belangrike hindernis is prontuit uitgewys as die volgende:

> Negatiewe persepsies oor die PUK bestaan na binne en na buite, bv. sommige sien die PUK as 'n agtergeblewe, apartheids , godsdiens eksklusiewe, plattelandse universiteit, en net 'n plek vir verkrampte boere. PUK is nie sigbaar in die buitewêreld nie. Die PUK en sy deskundigheid word nie voldoende bemark nie …[88]

Sommige kon tereg vra wat van die PUK-stem geword het.[89] Hierdie onverskrokke en hoorbare stem in die verlede waarna verwys is, was teen 2003-2004 inderdaad 'n ander stem  'n stem met 'n groter klem op die akademiese werklikheid en die verantwoordelikheid om as universiteit van uitnemendheid sodanig te presteer dat oorlewing op streeksvlak én op nasionale en internasionale terrein moontlik is.

## Samevatting

Uit die bespreking kan onder meer afgelei word dat:

- Die "stem van Potchefstroom" deur die breë publiek vanuit 'n Calvinisties-teologiese begronding geïnterpreteer word, veral dan die polities-gefundeerde uitsprake wat vanuit hierdie akademiese kring

---

87. Vergelyk H. Retief, "Hanlie Retief gesels met Francois Venter: Groot Broer 2002", *Rapport*, 28 April 2002.
88. PUK Argief, PUK vraelyste, Pukchr.grondslag.doc; WerkswinkelchrgrS.doc.
89. Vergelyk PU vir CHO, BBS netwerk, J.J. Venter, "Dissipline en dissiplinêr", 6 Februarie 2004.

uitgegaan het of selfs verswyg is. Dit is dan veral hierdie fasette waarop in die bespreking gekonsentreer is, alhoewel geredeneer kan word dat die "stem van Potchefstroom" soos teen 2003-2004, eintlik ook die groter akademiese rol en prestasies op velerlei terreine binne 'n groter konteks behoort in te sluit.

- Etlike van die bovermelde uitsprake van personeel op 'n verskeidenheid van nasionale podiums in die verlede profetiese ondertone gehad het, en koers in Suid-Afrika help aandui het. Alhoewel baie van hierdie uitsprake nie deur die hele Universiteit gesteun is nie, was dit deur Suid-Afrikaners as die "stem van Potchefstroom" beskou. Dat heelwat van die akademici jare later selfs deur hulle alma mater vereer is vir hulle versiendheid tydens hulle vroeëre akademiese aktiwiteite, spreek vanself.
- Die koersaanduidings van die groter PUK binne die Universiteit se karakteruitlewing, was tot en met die middel-sewentigerjare binne veral die onderskeie wetenskapsterreine soms onseker, dikwels beperk, selfs traag of stilswyend en oppervlakkig, en in sommige gevalle dalk kunsmatig en selfs in monotoon. Die Koinonia-verklaring, tesame met 'n groter stem vanuit die studentekorps in die laat-sewentigerjare, was die begin van die ontwaking van meerdere stemme rakende die gereformeerde visie van die PUK, die Nasionale Party se apartheidswetgewing, onreg, ensomeer.
- Reeds-ingegrafeerde persepsies jeens die PUK het egter meer gewig in die demokraties-gerigte Suid-Afrikaanse samelewing gedra.[90] Engelstalige koerante het byvoorbeeld ook vroeër die egtheid van dié "stem" geredelik bevraagteken.[91] Soms is skietgoed heel blatant bymekaar gemaak en die PUK-stem as "Potch shots" geëtiketteer. 'n Joernalis se opmerking in 1978 was:

> ... What will long remain the furiously frustrating thing about Potch on the politicians is that all the quasi political barbs coming from this campus are based on principle and thus painfully show up the politicians' own ambivalence; lack of principle and expediency. This is Potch's precious asset of independence and as such it could eventually generate more change than any other coterie …[92]

90. Vergelyk T.R.H. Davenport, *South Africa A modern history*, pp 212 213; Persoonlike belewenisse van die skrywer in die proses van akademiese skakeling.
91. Vergelyk as voorbeeld P. Laurence, "Potchefstroom University has ... A 'tradition of independent thinking'", *The Star*, 4 April 1972.
92. J. Boekkooi, "Why they take Potch shots", *The Star*, 22 September 1978.

Die vasgepende gedagtegang van wat veral die PUK-beginsels sou wees, blyk dit, was teen die negentigerjare nog kerngesond.[93]

Waarskynlik sou die tersiêre samesmeltingsproses van 2003, waarin die PUK deel van die Noordwes-Universiteit geword het, vanaf 2004 en verder diegene wat 'n jarelange wantroue jeens die PUK-stem gekoester het, meer positief gesind gestem het. Hierdie historiese gebeurtenis het onder meer dalk vrae oor die formaat van die "toekomstige" stem van die PUK-kampus gewek. Net die tyd sou leer.

## Opsomming

Voor en sedert die selfstandigwording van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO / PUK, tans deel van 'n groter inrigting bekend as die Noordwes-Universiteit) in 1951 as universiteit met 'n unieke karakter in Suid-Afrika, was die Universiteit dikwels in die spervuur oor van sy beginsels, die politieke uitsprake van intellektueles uit sy geledere en die waterskeidingsrol van sommige oud-Pukke binne die Suid-Afrikaanse politieke bestel. Na veral hierdie stem is heel dikwels verwys as die "stem van Potchefstroom". Genoegsame voorbeelde is in die artikel uitgewys om hierdie stem te eien as 'n stem met profetiese ondertone wat koers in Suid-Afrika help aandui het. Weliswaar was hierdie stem soms gesetel in individuele prominente fluisteringe wat inderdaad mettertyd meer hoorbaar geword het en meer mense tot 'n groter betrokkenheid teen ongeregtighede gemobiliseer het. Met meer ruimte sou die artikel ook kon uitwys dat 'n instansie soos die PUK se stem nooit net sosio-polities was nie, maar ook ewe prominent op ander terreine soos gemeenskapsdiens, die akademie (navorsing wat uitgeloop het op besondere praktykgedrewe ontwikkelinge en toepassings), asook die grondslaglegging van etlike kultuuraktiwiteite waarvoor die PUK wyd bekend is, gehoor kon word.

93. Afgelei vanuit die bovermelde bespreking.

## Abstract

### The "Voice of Potchefstroom"– A Survey of the PUK as University in South African Society, 1951-2004

Before and after the independence of the Potchefstroom University of Christian Higher Education (PU for CHE / PUK, currently part of a larger institution known as the North West University) in 1951 as a university of unique character in South Africa, the PUK frequently was under fire because of its principles, the socio-political judgments of its intellectuals and the watershed role of some alumni within the South African political system. This voice was frequently referred to as the "voice of Potchefstroom". Ample examples were provided in this article to prove that this voice in essence was prophetic by nature, as well as being a trendsetter in South Africa. It is true though that this voice sometimes characterised itself only in individual, though prominent whisperings, which eventually became louder and mobilized more people to become involved in actions against injustice to a larger extent. Due to limitations of length, this article was not able to illustrate how the voice of the PUK never comprised of a socio-political nature only, but was equally prominent in other fields such as community services, the academy (research that culminated in extraordinary practically applicable developments) and cultural activities for which the University is widely known, as is indeed the case.



### Sleutelwoorde

CNO, Afrikanervolk, Potchefstroom, PUK, Stem van Potchefstroom, politieke koers, W.J. de Klerk, H.G. Stoker, F.W. de Klerk, verkramp, verlig, universiteitsgeskiedenis, Vrije Universiteit, L.J. du Plessis, D.W. Krüger, H.J. Coetzee, Koinonia-verklaring, T. Eloff.

### Key words

CNE, Afrikaner nation, Potchefstroom, PUK, Voice of Potchefstroom, political direction, W.J. de Klerk, H.G. Stoker, F.W. de Klerk, ultra-conservative, super-enlightened, university history, Vrije Universiteit, L.J. du Plessis, D.W. Krüger, H.J. Coetzee, Koinonia Declaration, T. Eloff.